Mariam Basner: *Am I an African? The Political Memoirs of H.M. Basner*. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1993. ISBN 1868-142108. prys: R68.40

Hierdie is 'n verhelderende boek oor die aard van politieke aktiwiteit buite die Blanke Suid-Afrikaanse parlementêre politiek tussen 1930 en 1947. Die skrywer, Miriam Basner, was 'n sosiale antropoloog, wat as sekretaresse vir H.M. Basner opgetree het terwyl hy senator was tussen 1943 en 1947. Die hele werk is egter nie deur Miriam Basner self geskryf nie. H.M. Basner het self 'n autobiografie begin skryf voordat hy in 1977 oorlede is. Navorsers van die Universiteit van die Witwatersrand het ook in die 1970's Basner in Brittanje besoek en onderhoude met hom gevoer. Tom Lodge het uiteindelik in 1992 die manuskrip finaal afgerond vir publikasie.

Dit is die fasinerende lewensverhaal van Hermann Meyer Basner (Hermann is verander na Hyman kort na die Eerste Wêreldoorlog uit vrees vir reaksie by die skool teen sy "Duitse" naam). Basner is in 1905 in Latvië gebore en het in 1912 na Suid-Afrika geïmmigreer saam met sy ouers. Sy hele lewe is gekenmerk deur sy besorgdheid oor die lot van Swartmense in Suid-Afrika. Basner was 'n kommunisties georiënteerde anti-kapitalis wat homself 'n Marxis genoem het. Hy het probeer om die Swartmense wat deur die opkomende kapitalistiese transformasie van die platteland onderdruk is, se belange te verdedig. Basner het sy fokus gerig op die mobilisasie van Swartmense tot politieke aktiwiteit, veral politieke aktiwiteit buite die amptelik geïnstitusionaliseerde Swart politiek om. Hierdie boek gee juis aandag aan hoe Basner Swartmense op die platteland gemobiliseer het sodat hulle uiteindelik hulle stem laat hoor het. Basner se optrede in die landelike gebiede word beskou as die grondslag van sistematiese organisasie ook in die stedelike gebiede onder verarmde Swartes. Basner het homself bekwaam as prokureur, maar het in sy poging om Swartmense te help en hulle regte te verdedig, arm gesterf. Hy is ook van die prokureursrol geskraap, omdat hy nie volledige opgawes van sy optredes vir kliënte (hoofsaaklik Swatmese) kon verskaf nie.

Hierdie boek beskryf haarfyn hoedat Basner die paternalisme van die liberalisme soos vergestalt in die Joint Council Movement, die Institute of Race Relations en persone soos John David Rheinnallt Jones, verafsku het. Basner het Swartmense gewaarsku teen valse profete en die liberale ideologie het vir hom beleidsrigtings van segregasie onderskryf en nie dit fundamenteel teengestaan nie. Hierdie boek skets Basner se lewenslange stryd teen armoede en verontregting. Dit vertel van sy lewe in ou Johannesburg as laerskool leerling, sy hoërskooldae op Jeppe Hoërskool en sy mislukte studie in die VSA (UCLA Law School). Sy vader se finansiële verknorsing in Suid-Afrika het hom uiteindelik verplig om terug te keer daarheen. Terug in Johannesburg het hy as leerklerk by 'n prokureursfirma aangesluit en daar in aanraking gekom met Swartmense wat na sy mening, die slagoffers van apartheid was. Dit was in die kriminele howe dat Basner sy

roeping besef het: om Swartmense te help om teen onderdrukking te veg. In hierdie proses het Basner vriende gemaak met mense soos Charlotte Mxeke, Eerw. John Dube, koning Sobuza II van Swaziland en Clemens Kadalie. Basner het ook vir Eddie Roux in Johannesburg ontmoet, asook die kommunistiese leier S.P. Bunting. Basner het in 1933 eers by die SA Kommunistiese Party aangesluit, hoewel hy altyd met die Party oor strategie verskil het. Hy was oortuig dat die monopolitiese goudmynbedryf verantwoordelik was vir rassisme in Suid-Afrika en het gevolglik deur middel van die SAKP kapitalisme beveg. Hy het deur die SAKP goeie verbintenisse met Swartmense opgebou en skerp kritiek uitgespreek teen die 1936 Naturelle Grondwet. Toe die Ballingers na vore getree het as Blanke verteenwoordigers van die Naturelle het Basner eers gehuiwer om homself te laat nomineer, maar hy verloor die eerste verkiesing in 1937 teen Rheinnallt-Jones. In 1943 word hy tot Senator vir Swartmense verkies. Hy was gou kontroversieel deur vroeg in sy parlementêre loopbaan reeds 'n oproep te doen vir 'n Kommissie van Ondersoek na die administrasie van die Naturelle Grond-en Trustwet van 1936. Met die totstandkoming van die Naturelle Verteenwoordigende Raad, het Basner gevoel sy pogings om Swart politieke bewussyn te mobiliseer sou vrugteloos wees.

Basner se grootste politieke triomf was die suksesvolle organisasie van die 1943 Alexandra bus-boikotte. In 1949 het hy hom aan aktiewe politiek as gevolg van die insolvensie van sy prokureurfirma en sy teenstand teen die ANC se program van burgerlike ongehoorsaamheid. Tot 1961 toe hy en sy familie na Ghana verhuis het, beskryf Basner as "a political sleep for twelve years." Sy bewondering vir Kwame Nkrumah het hom na Ghana gelei maar daar het hy ook in onguns verval en is in gevangenis geplaas. Dit was vir Basner 'n geweldige teleurstelling: in Suid-Afrika het hy as 'n Jood uit Latvië altyd ontuis gevoel en in Ghana het hy gehoop om ontvang te word as 'n man van Afrika (an African). Dit het ook misluk en in 1966 is hy deur die opvolgers van Nkrumah gedeporteer. Hy is toe vir 'n jaar Israel toe en het uiteindelik in 1968 teen sy sin in Engeland gaan woon, waar hy gebly het tot sy dood in 1977.

Hierdie is 'n lewendige herinnering aan die lewe van H.M. Basner, die soekende mens en die politieke aktivis vir dit waarin hy opreg geglo het. Die skrywers plaas Basner in die verskillende kontekste waarin hy hom bevind het, naamlik linksgesinde Joodse immigrant, anti-Nasionale Party liberale politikus, kampvegter vir die Swart massas en intellektuele marxis in 'n nasionaal georiënteerde Suid-Afrika. Die boek is 'n uitmutende bron van inligting oor buite-parlementêre politieke verset teen apartheid, asook van die spanning en toutrekkery in anti-regeringsgesinde Swart en kommunistiese politiek. Hiedie boek illustreer in 'n groot mate die standpunt van Paul Rich oor die paternalisme van liberales en die perpetuering deur librales van beleidsrigtings van skeiding tussen rasse. Die boek hou eintlik in 1947 op, want dit is sover as wat Basner oor homself geskryf het - verdere biografiese gegewens word deur die skrywers in die voorwoord en epiloog verskaf.

Die boek is goed versorg, die skryfstyl wisselvallig (weens die betrokkenheid by die skryf daarvan deur Miriam Basner, H.M. Basner en Tom Lodge), maar die vertelling boeiend en verhelderend. Dié boek is 'n belangrike bron vir die studie van buite-parlementêre oposisie politiek in Suid-Afrika.

G. Verhoef
RAU